# GEDRAGSKODE – KLEINBEGIN PRE-PRIMêR

**AFDELING A**

**GEDRAGSKODE VIR KLEUTERS**

**1.** **ALGEMEEN** – Elke kleuter verbind hom/haar tot die volgende:

1.1 Om in alles wat hy/sy doen of sê die eer aan God te gee.

1.2 Om in al sy/haar doen en late die inhoud van die Heilige Skrif soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid te handhaaf en daadwerklik uit te leef.

1.3 Om daarna te strewe om deurgaans die Bybel as Woord van God te respekteer en sy/haar lewe en werk op skool en by die huis daarvolgens in te rig

1.4 Om deurgaans alle medeleerlinge met liefde en respek te behandel ooreenkornstig die eis van God se Woord.

1.5 Om met liefde en in gehoorsaamheid aan die Woord van God eerbied en respek aan ouers, die personeel van die skool en ander persone wat as gesagsdraers oor hulle aangestel is, te betoon.

1.6 Geen speelgoed na skool neem nie.
1.7 Ons gebruik nie vuil taal nie.

**2.** **SKOOLREëLS**

2.1 OPENING & ANDER SAALBYEENKOMSTE – GRAAD R

2.1.1 Die leerlinge kom volgens klas ordelik die saal binne.

2.1.2 Tydens die opening word nie gesels nie.

2.1.3 Geen tasse mag in die saal ingebring word nie.

2.1.4 In die saal mag geen kos of lekkergoed geëet word nie.

2.1.5 Daar mag nie gehardloop word in die saal nie.

2.2 VRYSPEL BUITE

2.2.1 Kleuters eet hul kos of lekkers in die speelkamer. Skille of papiertjies moet in die asblik gegooi word.

2.2.2 Kleuters kom nie in speelkamers tydens vryspel buite nie.

2.2.3 Agter die speelkamers mag nie gespeel word nie.

2.2.4 Voorwerpe wat ander kan seermaak word verbied by die skool (bv. klippe, stokke, messe). Niemand mag die speelterrein wat aan die kleuters toegewys is, sonder toestemming verlaat nie.

2.2.5 Niemand mag oor die muur/heining klim nie.

2.3 FIETSE

2.3.1 Kleuters mag slegs op die rybaan met die fietsies ry - nie op die gras of stoepe nie. Fietsbande mag nie stukkend gesteek word nie.

2.3.2 Fietsies moet gedurende opruimtyd netjies in die pakkamer gebêre word.

2.4 SPEELTERREIN

2.4.1 Klim in bome en hang aan takke is verbode.

2.4.2 Pluk van blomme is verbode.

2.4.3 Moenie in die beddings loop of speel nie.

2.4.4 Papiere en kos word nie op die skoolterrein gegooi nie. Hou die terrein skoon.

2.4.5 Artikels oor muur gooi nie.

2.4.6 Ons gaan roep dadelik vir Juffrou as iemand seergekry het.

2.4.7 Ons klim nie van voor af op die glybaan nie.

2.4.8

2.5 KLEEDKAMERS

2.5.1 In die kleedkamers mag nie gespeel of gehardloop word nie.

2.5.2 Die kleedkamers is nie 'n kuierplek nie.

2.5.3 Daar mag nie op die toilette geklim word nie.

2.5.4 Water en toiletpapier moet spaarsaam gebruik word. Krane moet deeglik toegedraai word. Die toilette moet na gebruik deeglik gespoel word.

2.5.5 Die kleedkamer, wasbakke en spieels moet netjies en skoon gehou word. Geen rommel mag op die grond gegooi en agtergelaat word nie – gebruik die asblik.

2.5.6 Lekkende krane of nat vloere moet dadelik aan die Administratiewe Beampte gerapporteer word.

2.5.7 Seep moet spaarsamig gebruik word.

2.5.8 Handdoeke moet netjies opgehang word indien dit sou afval.

2.5.9 Kleuters maak beurte om toilet te besoek - nie almal gelyktydig nie – In klastyd.

2.6 GEVAARLIKE VOORWERPE, DIERE EN APPARAAT

2.6.1 Geen gevaarlike voorwerpe soos messe, vuurwapens, sure, klappers, gifstowwe mag skool toe, gebring word nie.

2.6.2 Geen gevaarlike diere soos slange en skerpioene mag skool toe gebring word nie, uitgesonder op versoek van die onderwysers.

2.6.3 Leerlinge mag nie met gevaarlike apparaat werk sonder opdrag of toesig van die onderwyser nie.

2.6.4 Leerlinge mag nie elektriese apparaat opstel en drade koppel sonder opdrag of toesig van die onderwyser nie.

2.7 SPEELGOED

2.7.1 Geen speelgoed mag na die kleuterskool gebring word nie.

2.8 EETGOED

2.8.1 Geen eetgoed mag na die kleuterskool gebring word nie. Die skool voorsien voedsame verversings aan die kleuters
2.8.2 Ons eet elkeen ons eie kos.
2.8.3 Ons loop nie met kos rond nie.
2.8.4 Ons mag geen kougom by die kleuterskool eet nie.

2.9 VERJAARSDAE

2.9.1 Met verjaarsdae word beplanning eers met klasonderwyser bespreek. Daar moet gewaak word teen te veel eetgoed.

2.10 UITSTAPPIES

2.10.1 Voordat kleuters op uitstappies gaan, moet getekende vrywarings-vorms eers ingevul word deur ouers.

2.10.2 Kleuters sorg vir eie eetgoed, tensy anders vermeld.

2.10.3 Kleuters moet hulle aan die dissipline van die onderwyseres tydens die uitstappie onderwerp.

2.11 VEILIGHEID

2.11.1 Let altyd op vir gevaarlike of vreemde voorwerpe of onbekende persone. Meld dit dadelik aan by 'n onderwyser.

2.11.2 Indien dit gedurende vryspel buite reën, bly kleuters in die speelkamer en onderwysers hou toesig.

2.12 ALGEMENE REëLS – KLEREDRAG

2.12.1 Kleuters moet liefs ou klere wat mag vuilsmeer skool toe aantrek.

2.12.2 'n Ekstra stel klere moet in die kleuters se tassies wees vir ongelukkies wat mag gebeur. Gedurende uitstappies trek kleuters hul Akademie Reformia hempies aan sodat hulle makliker onderskei kan word.

2.12.3 Geen kougom mag op die speelterrein of in die speelkamers geëet word nie.

2.12.4 Skoolhempie vir uitstappies beskikbaar by skoolkantoor,

# GEDRAGSKODE – KLEINBEGIN PRE-PRIMêR

**AFDELING B**

**GEDRAGSKODE VIR OPVOEDERS** – Elke opvoeder verbind hom/haar tot die volgende:

1. Om in die uitvoering van sy/haar pligte buite en binne die skool slegs die eer van God en die voordeel van die leerlinge, ander personeel en ouers na te strewe.

2. Om in die uitvoering van sy/haar pligte en in sy/haar algemene leer en lewe die inhoud van nie Heilige Skrif soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid en gehandhaaf in die Gereformeerde leerstelling in Suid-Afrika te onderhou en daadwerklik uit te lewe.

3. Om in die toepassing van die skoolprogram (kurrikuler en buite-kurrikuler) deurgaans die beginsels van gereformeerde onderwys te handhaaf en uit te bou.

4. Om deurgaans sy/haar medepersoneellede, leerlinge en ouers met liefde en respek te behandel ooreenkomstig die eise van die Woord van God.

5. Om te alle tye die goeie naam van die skool hoog te hou en nie kwaadwillig op 'n direkte of indirekte wyse teenoor 'n personeellid, bestuurslid, leerling of ouer op te tree nie.

6. Om die waardigheid, oortuigings en grondwetlike regte van leerlinge, insluitende die reg tot privaatheid en vertroulikheid te respekteer.

7. Om die uniekheid, individualiteit en besondere behoeftes van elke leerling te erken en om die verwesenliking van elke leerling se volle potensiaal na te strewe.

8. Om gesag met liefde en deernis uit te oefen.

9. Om enige vorm van verkleinering te vermy en om hom/haar te weerhou van enige vorm van fisiese of sielkundige mishandeling.

10. Om betaamlike taal te gebruik en so op te tree dat respek by leerlinge afgedwing word.

11. Om redelike maatreëls te tref ten einde leerlinge se veiligheid te verseker.

12. Om nie sy/haar posisie vir finansiële, politieke of persoonlike gewin te gebruik nie.

13. Om nie nalatig of agterlosig in die uitvoer van sy/haar professionele pligte te wees nie.

14. Om die ouers, die kerk en die leerlinge as vennote in die onderwys te erken.

15. Om te alle tye 'n goeie verhouding met die ouer uit te bou en te handhaaf en om ouers betyds en voldoende in te lig aangaande die welsyn en vordering van die leerling.

16. Om nie die status van sy/haar kollegas te ondermyn nie.

17. Om die onderskeie verantwoordelikhede wat aan kollegas opgedra is en die gesag wat daaruit voortvloei, te erken.

18. Om die korrekte prosedure en kanale soos voorgeskryf deur die skoolbestuur in geval van klagtes te gebruik. (Sien *Hantering van klagtes en geskille).*

19. Om sy/haar professionele pligte binne 'n konteks van samewerking met en ondersteuning van kollegas uit te voer en so die waardigheid en status van die professie te bevorder.

20. Om op die hoogte van opvoedkundige denke en ontwikkeling te bly.

21 Buitespel: 30 minute teebreek, res van tyd vir evaluering en toesig.

22. Om voortdurend die ontwikkeling van die onderwys as beroep te bevorder.

23. Om die bepaalde verantwoordelikhede en magte wat in die konstitusie van Akademie Reformia aan die skoolbestuur toegesê is, te erken en hom/haar te onderwerp aan enige vermaning of ander dissiplinere optrede deur die skoolbestuur indien hy/sy hom/haar skuldig maak aan oortreding van hierdie gedragskode.

24. Om hom/haar daarvan te weerhou om vertroulike inligting aan ongemagtigde persone en/of die nuusmedia of ander instansies te gee of om enige lid of lede van die nuusmedia sonder die medewete en goedkeuring van die skoolbestuur te woord te staan.

25. Personeel moet nie later as 07:15 by die skool wees nie. Dit is ook noodsaaklik dat personeel ten volle voorbereid die nuwe skooldag begin. *Dit impliseer dat die nodige voorbereidings (soos kopieerwerk) gedoen is voor die skooldag begin.*

26. Personeel moet die nuwe skooljaar of nuwe kwartaal voorbereid begin. Dit beteken dat voor die skool heropen, die speelkamer netjies en gereed gemaak word sodat die eerste dag dadelik met die nuwe tema begin kan word. Die dag voor die skool vir die nuwe jaar heropen, is die personeel by die skool aanwesig vir die nodige voorbereidings (vanaf 08:00).

27. Tydens skoolure is die personeel volledig beskikbaar vir die kleuters. Daar word nie tydens die opvoedkundige program met mekaar of met ouers gesels in of buite die speelkamer, telefoonoproepe gemaak, kopieerwerk verrig nie.

28. Tydens vryspel buite word probeer om so na as moontlik aan die bestemde tyd na buite te gaan waar behoorlik toesig gehou word en waarneming gedoen kan word.

29. Speelkamers moet netjies gehou word.

30. Daar moet gepoog word om hoekies op gereelde basis te verander.

31. Daar moet 'n Bybelhoekie in elke speelkamer wees.

32. Kleuters se werk moet onder hulle eie name teen die mure aangebring word.

33. 'n Voorbeeld van die dagprogram moet teen elke speelkamer se muur aangebring word.

34. Daar moet in elke speelkamer voorsiening gemaak word vir die aanhou van die weerkaart. Daar moet in elke speelkamer 'n tematafel wees wat weekliks verander word. Woorde op die tematafel moet volgens die skrifvoorskrifte van graad 1 geskryf wees.

35. Daar moet daagliks vir verskillende aktiwiteite tydens skeppende aktiwiteite voorsiening gemaak word. Kleuters mag nooit almal met een skeppende aktiwiteit besig wees nie.

36. Daar moet 'n rustige plek in die speelkamer ingerig word waar kleuters boekies kan lees of na musiek luister.

37. Daar moet 'n spesiale plek vir blokspel ingerig word waar kleuters ongestoord met blokspel besig kan wees.

38. Waarneming moet gereeld gedoen word en vier maal per jaar op die waarnemingsverslae aangeteken word.

39. Geen fisiese strafmaatreëls mag toegepas word sonder bespreking met hoof nie.

40. Alle besluite ten opsigte van finansies, leerplan ens. word eers met die hoof bespreek. Indien kleuter gedragsprobleme openbaar moet dit met die hoof bespreek word.

# GEDRAGSKODE – KLEINBEGIN PRE-PRIMêR

**AFDELING C**

**GEDRAGSKODE VIR OUERS** – Elke ouers verbind hom/haar tot die volgende:

1. Om te alle tye in die lig van die Heilige Skrif soos bely in die Drie Formuliere van Eenheid en gehandhaaf in die Gereformeerde leerstelling in Suid-Afrika te handel en te wandel.

2. Om deurgaans teenoor die skoolpersoneel, ander ouers, leerlinge en lede van die skoolbestuur met respek en in ooreenstemming met die eise van God se Woord op te tree.

3. Om in al sy/haar doen en late by die skool of in die openbaar die goeie naam van die skool te handhaaf en uit te bou en om hom/haar daarvan te weerhou om op enige wyse, direk of indirek, enige personeellid, 'n ander ouer, leerling of lid of lede van die skoolbestuur in diskrediet te bring.

4. Om met alle probleme wat met 'n lid of lede van die skoolbestuur, personeellede, ander ouers of leerlinge ondervind word die weg van Matt 18 te volg soos nader uitgewerk in die dokument *"Proses vir die evaluering van personeel en die beslegting van geskille."*

5. Om toe te sien dat hulle kind/kinders die skool stiptelik bywoon en nie vir die geringste rede van lesse afwesig is nie.

6. Om alles in hulle vermoë te doen om hulle finansiele verpligtinge betyds en gereeld teenoor die skool na te kom.

7. Om alles binne hulle vermoë te doen om by die skool se aktiwiteite betrokke te wees – insluitende die bywoning van vergaderings en oueraande.

8. Om nie leerlinge tydens skoolure uit die skool te haal sonder werklike rede nie.

9. Om toe te sien dat leerlinge skoolaktiwiteite bywoon.

10. Om dissipline te handhaaf.

11. Personeel nie voor leerlinge te bespreek nie.

12. Om toe te sien dat u tuis 'n Christelike voorbeeld lewe.

13. Om my ouerpligte onderleiding van die Heilige Gees uit te voer.

14. Om toe te sien dat u kind reëls gehoorsaam.

15. Skoolklere en ander persoonlike items merk.

Saamgestel deur: Akademie Reformia Bestuur & Me. Venita de Kock
(Deurlopende opdatering)